


MAAGD VAN DIE SEE REEKS

NO. 1
DIE MAAGD VAN DIE SEE



Meiring Fouche

DIE MAAGD VAN DIE SEE

deur

MEIRING FOUCHE

Uitgegee deur:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews

Strand

2019

Die Maagd van die See

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe.

Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word, sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DIE MAAGD VAN DIE SEE
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-50-6

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)
Aanlyn winkel: <https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature>
Webwerf: <https://www.softcoverbooks.co.za>

OPSOMMING

Simon Verbeek, die groot seeman met sy lang, swart hare en sierlike swart baard, het oorlog verklaar teen alle seerowers. Want seerowers het hom nie alleen beroof van die Kompanjie-skip waarvan hy die kaptein was nie, maar hulle het ook sy skone, jong vrou weggevoer.

Simon kon geen skip kry waarmee hy sy wraak tot aan die deur van die seerowers kon bring nie. Hy en sewe van sy bemanning beland toe een dag in 'n skuit in die Kaap van Storms, langs die Suidweskus van Suid-Afrika. In die woeste storm word hulle skuit omgekeer en is hulle toe aan die genade van die onstuimige see oorgelaat. Maar dan sien hulle 'n spookskip langs hulle verbyvaar wat geen bemanning aan boord het nie. Simon en drie van sy manne slaag wonderbaarlik daarin om aan boord te kom van die eenaardige skip. Hulle vind nie 'n lewende siel aan boord nie en alles lyk nog in perfekte toestand, buiten die seile en toue wat al erg deur die wind verniel is.

Dan hoor hulle 'n onaardse geskreeu van êrens af in die skip, wat klink of dit uit die dode kom en gee dit hulle die skrik van hulle lewe. Hulle maak toe 'n skokkende ontdekking wat wonderlike skatte in hulle hande lê, maar om dit in die hande te kry, sal hulle eers sekere geheime moet oplos. En dan vertrek Simon en sy troue volgeling Wilhelm Rieckert op die lang, lang reis waaroor hulle so lank gedroom het.

UITTREKSEL

Toe Simon Verbeeck die water tref, ruk hy sy asem diep in en vul sy longe deeglik. Die gewig aan sy been ruk hom vinnig na benede, want hy is magteloos om daar iets aan te doen. Hy sink snel na die modderige bodem van die rivier waarvan die water vermeng is met die soutwater van die see. Dit voel vir hom soos 'n ewigheid waarin hy gedompel is. Dieper en dieper sink hy totdat hy eindelijk die bodem tref waar hy magteloos lê. Hy voel hoe dat sy longe swel en voel 'n groot dreuning deur sy hoof.

Hy worstel desperaat aan daardie toue wat sy hande saam knel maar tevergeefs. En selfs in hierdie oomblikke van die dood, hier waar hy so wanhopig worstel om die lewe te behou, flits dit deur hom hoe dat hy twee figure van die kant van die seerowerskip af sien wegsweem het, op daardie oomblik net voordat hy van die plank afgeduik het. En daardie donkerkop, daardie drywende swart hare, is onmiskenbaar.

Een van daardie figure was sy Maria. In 'n deel van 'n sekonde voel hy selfs dankbaar dat, al moet hy sterf, sy Maria miskien verlos is. Hy kan dit glad nie verstaan nie, maar hy weet dat dit nie 'n droom is wat hom teister nie.

INHOUD

Hoofstuk

1. 'n Seil in die Storm
2. 'n Geheim van die See
3. Skrif aan die Muur
4. Na die Ooste!
5. 'n Spoor in die Sand
6. Swyende Seeman
7. Oorstelpende Nuus
8. Gevaar Kruip Nader
9. Ek is "De Santos"
10. Vasgekeer

1. DIE MAAGD VAN DIE SEE

Hoofstuk 1

'N SEIL IN DIE STORM

Dit is onweer by Die Kaap van Storms en die golwe van die suidelike Atlantiese Oseaan kom soos groen duine uit die weste aangerol, hul maanhare spierwit en die skuim vliëgend voor die gevreesde suid-westewind.

Die agt man in die lang skuit worstel aan die roeispane om die klein vaartuig se neus in die wind te hou. Dit is hul enigste beskerming teen die gevaar om verswelg te word deur die woedende see, wat een oomblik opkook tot branders wat lyk soos berge en die volgende oomblik weer wegsak in diep, woelende kolke waar die skuim draai en waar dit lyk asof die bodem van die groot water ontbloot gaan word. Hul gesigte en klere is papnat, hul hare druipend en hul gespierde arms is al lam van worstel teen die stormende see.

“Hou hom reg,” bulder die groot donker man wat hier naby die voorstewe roei. “Hou sy neus in die wind,” skreeu Simon Verbeeck, ’n groot ruwe en kragtige man met waaiende swart hare en ’n sierlike swart baard.

“Ek sal sy neus in die wind hou,” roep die man by die stuur, Wilhelm Rieckert, ’n kleinerige maar stewige blonde visser wat sy hande vol het om die Nooi van Amsterdam reg te hou in die see. Af en toe swaai die hefboom van die roer so geweldig dat Wilhelm Rieckert sy hande vol het om net op die skuit te bly.

Die ander manne praat nie. Hulle is vasgevang deur

vrees, hier in die woedende see wat elke keer dreig om hulle te verswelg. Op bevel van Simon Verbeeck roei hulle so wat hulle kan, nie om te vorder nie, maar bloot om die Nooi van Amsterdam reg en suiwer te hou, met sy neus reguit in die stormende golwe in, reguit onder die suidwestewind in, want hulle weet dat as hul tenger vaartuigies gaan dwarsdraai, dan is dit klaar met hulle.

Hulle ry oor die waterheuwels, hulle sink weg in diep kolke, klim weer die ander kant uit en die hele tyd koers hulle onder die wind in, al hoe verder weg van die wasige, byna onsigbare massa van Tafelberg. Hulle ken hierdie waters, want hulle vis elke dag hier, nie ver van Kaappunt af nie. Maar hierdie is 'n storm van storms. In hul veelbewoë loopbane op see het nog nie een van hierdie manne so iets teëgekome nie. Vandag verstaan hulle weer waarom die Kaap Die Goeie Hoop dikwels genoem word, Die Kaap van Storms. As die ou Kaap ooit daardie naam verdien het, dan verdien hy dit op hierdie dag.

“Waarheen dryf jy ons, Simon Verbeeck?” skreeu Wilhelm Rieckert hier agter van die stuur af en klem die hefboom met nuwe krag vas. “Dryf jy ons na die Yssee?”

Die groot man daar voor vee die soutskuim uit sy oë.

“Ek dryf jou nêrens heen nie, ek wil net hê ons moet veilig bly. Hou hom reg, boeta, hou hom reg. Hy mag nie skeef swaai nie.”

Hier in die donker gevaar is daar in die kragtige Simon Verbeeck selfs 'n vreemde opgetoënheid, want hy hou

van storms. Hy het op die see opgegroei. Hy het begin op een van die groot vaartuie van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie toe hy as die kaptein se bediende na die Ooste begin vaar het. In daardie dae het hy alles geleer wat daar van 'n skip geleer kan word, op die lang vaart uit Amsterdam na die skone hawens van die Ooste. Tussen Amsterdam en Java en tussen Amsterdam en Bombaai het Simon Verbeek geleer hoe die lug lyk wanneer die storms kom dreig. Hoe jy die groot vaartuig moet laat ry wanneer die wind jou van agter vang. Hoe jy hom moet hou wanneer 'n orkaan jou tref en hoe dat jy met groot geduld en moed die gevaar moet trotseer wanneer die wind skielik doodstil gaan lê en die see kalm word soos 'n spieël.

Ja, hy ken die gevare van die see baie goed, hierdie Simon Verbeek wat vandag 'n bekende en vooraanstaande visser in die Kaapse waters is.

Simon Verbeek is egter 'n verbitterde man.

Hy het wel 'n groot seeman geword. 'n Seevaarder soos min, met 'n intieme kennis van al die seë en van al die uithoeke van die aarde. 'n Man wat onmiddellik vir jou kan sê aan watter moondheid 'n groot seilskip behoort, die oomblik wanneer die hoofseil agter die horison uitbol.

En hier ry hy nou die dun ribbes van 'n lang skuit deur 'n vernietigende storm. Dit omdat hy slaags geraak het met 'n seerowerskip wat hom verpletter het in die waters naby Java. Hy en Wilhelm Rieckert, sy getroue vriend, het skaars met hul lewens daarvan afgekom. Hulle het

kilometers ver geswem deur die wrakstukke en as hulle nie elkeen 'n groot balie beetgekry het, waarop hulle deur 'n genadige seestroom op die strand van Sumatra uitgespoel is nie, sou hy nie nou met sy nat baard hier in die lang skuif gesit het nie.

Daardie dag toe die vuurmonde van die seerower sy elegante skip na die diepte gestuur het, het Simon Verbeeck 'n eed gesweer dat hy die res van sy lewe sou wy aan die vernietiging van die aarde se seerowers. Saam met Wilhelm Rieckert het hy terug gevaar na sy skone Amsterdam. Hy wou iewers weer begin. Hy het by die owerheid gaan aansoek doen om 'n nuwe vaartuig, maar hierdie keer 'n bewapende vaartuig met baie vuurmonde. Die jag op seerowers het by hom 'n obsessie geword, maar die Kompanjie wou net nie na hom luister nie. Hulle het nie kans gesien vir 'n man wat hom op seerowers wil toelê nie. Geskok en ontnugter het Simon Verbeeck in Amsterdam rondgedwaal en 'n private geldskietser probeer vind, wat hom in staat sou stel om sy eie vaartuig te bou of te koop en dan uit te rus, sodat hy daarmee kon jagmaak op die skepe met die skedel en die doodsbeendere op hul vlag. Maar geen geldskietser in Holland was bereid om sy hand te lig teen die verskrikking van seerowery nie. Almal het maar aangeneem dat Simon Verbeeck die onderspit sou delf teen die seerowers.

So teleurgesteld en ontnugter was hierdie sterk seevaarder, dat hy uitgevaar het na die Kaap die Goeie Hoop omdat hy hom verbeel het dat in daardie nuwe

nedersetting meer hoop sou wees om iets bymekaar te kry. Hy het gepraat met seemanne wat Die Kaap die Goeie Hoop dikwels besoek het en hulle het hom vertel van die groot uitbreiding wat daar aan die gang is, in die nuwe volksplanting wat deur Johan van Riebeeck begin is. Hulle het hom ingeprent dat daar fortuine te maak is aan die Kaap.

Simon Verbeeck het toe uitgevaar na die Kaap die Goeie Hoop, gevolg deur sy goeie en getroue handlanger, Wilhelm Rieckert.

Maar aan die Kaap was Simon se ontnugtering nog groter, want pleks van 'n groot en florerende nedersetting het hy 'n klein en worstelende kolonie aangetref, waar daar nie veel vooruitsigte was nie en waar die kanse dus maar bra weinig was.

Daar het hy eers timmerwerk gedoen vir die Kompanjie, maar later het Simon besluit dat die roepstem van die see vir hom te sterk is. Hy het vir hom die lang skuit gebou, 'n bemanning gesoek en begin visvang. Daarmee sou hy stadig geld bymekaar maak. Om die een of ander rede het hy gevoel dat iets op hom wag, hier aan die suidpunt van Afrika waar die groot skepe soos swane kom aanry, uit die Verre Ooste en uit Europa. Hy was vas oortuig daarvan dat 'n onverwagte kans hier aan hom gebied sou word, om sy eie baas te word op see, om sy eie vaartuig te besit en om uit te trek teen die seerowers wat so 'n verderf geword het vir alle skeepvaart.

Daardie ramp op see, naby die kus van Sumatra, het vir Simon Verbeeck duur te staan gekom, want nie alleen is

sy reputasie as seevaarder daardie dag geskend nie, daar het nog veel meer met hom gebeur.

Hier waar hy nou in die voorstewe van die lang skuit sit, met die suid-westewind van die Kaapse waters woedend in sy gesig, herleef hy weer daardie toneel in sy gedagtes. Met 'n groot vrag speserye, Oosterse voedsel en edelgesteentes was sy vaartuig daardie dag op pad terug na die hawens van Holland. Toe sien hy die groot bollende hoofseil op die horison verskyn en hy sien die snelle vaartuig die water kloof, trots en majestueus, soos 'n swaan van die see. Hy was dadelik op sy hoede en het sy hele bemanning op dek geroep. Hulle het die kanonluike oopgeruk, die kanonne gelaai en reg gestaan met die kanonfakkels. Maar hulle het geen kans gehad nie. Die seerower het op hulle afgeswaai en met die eerste volle salvo van sy sterker vuurmonde, het hy Simon Verbeeck se vaartuig geknak. Die hoofmas is laag bo die dek afgeskiet en weldra was daar net 'n chaos van vuur en swawel.

Vir Simon Verbeeck was daardie geveg 'n tweeledige geveg. Saam met sy manne het hy geveg totdat die bloed in sy stewels afgeloop het. Hulle het omtrent 'n kwart van die seerowerbemanning uitgewis toe die rampokkers aan dek gespring het. Maar dit alles het hulle niks gebaat nie.

Simon het verwoed geveg om sy skip te probeer behou. Maar hy het ook geveg om sy jong vrou, Maria, te behou. Sy het daardie vaart met hom meegemaak uit Amsterdam. Hulle was toe sterk in hul jeugdige liefde,

want hulle is kort tevore getroud en omdat Simon so 'n uitnemende en betroubare seevaarder was, het die Kompanjie hom toegelaat om sy jong bruid saam te neem op hierdie vaart na Java.

Maar daardie dag het Simon haar verloor. In die verwarring van bloed, die dood en vlamme het hy sy Maria verloor. Die laaste wat hy van haar gesien het, was toe 'n lang seerower haar vasgegryp en op die kant van die brandende vaartuig gestaan het, soekend na 'n tou om oor te swaai na die seerowerskip. Simon het hom met sy swaard stormgeloop, maar op die laaste tippie het die seerower met 'n oorwinningskreet oorgeswaai na die seerowervaartuig. Op daardie verwarde dek het Simon haar sien verdwyn. Dit was die laaste wat hy van haar gesien het.

Toe alles verlore was, het Simon en Wilhelm Rieckert tesame met 'n klompie ander manne tussen die puin, in die see gespring. Hulle het elkeen 'n balie in die hande gekry en daarmee uitgeswem na die strand van Sumatra. Simon se tranes was vermeng met die sout van die see.

Daardie dag het hy 'n vloek gesweer op alle seerowers. Daardie dag is een ideaal in hom gebore, om teen hulle te veg totdat hy sterf of totdat hy sy vrou herwin het.

Na baie maande het Simon weer teruggekeer na Holland na sy mislukte sending om 'n nuwe vaartuig in die hande te kry. Hy het oorgevaar na Engeland. Hy het selfs by 'n seerowervaartuig aangesluit as bemanningslid, op soek na sy vrou. Dit het ongelukkig bekend geword en toe het Simon geweet dat hy van die Kompanjie nooit weer 'n

vaartuig sou kry nie. Dit, tesame met die vooruitsig dat hy aan Die Kaap die Goeie Hoop 'n nuwe begin kon maak, het hom na die suidpunt van Afrika gedryf.

Hier op die strand van storms waar so baie skepe vergaan, het hy en Wilhelm al die een wrakstuk na die ander geberg en dit uitgedra. Hulle het al genoeg bymekaargemaak om die kiel te lê van die skip wat hulle vir hulself wil bou. Maar dit is stadige en sielododende werk en dit sal seker nog maande indien nie jare nie, duur voordat Simon Verbeek eindelijk sal kan uitvaar.

'n Berg van water groei weer onder die lang skuit en slinger dit hoog. Hier vanaf die kruin van die woedende brander lyk dit vir Simon asof hy die hele see kan oorskou.

En dit is toe dat hy skielik hier in die voorstewe orent spring. Hy los 'n harde kreet en met sy groot hand beduie hy onder die wind in.

Die lang skuit het al baie water geskep en dit het nie meer veel boord nie. Twee van die manne is reeds al besig om water uit te skep so wat hulle kan. Maar Simon besef lankal dat die dae van die Nooi van Amsterdam getel is. Nog net 'n paar branderkruine moet oor hulle breek, dan sink hulle weg en in sy bloed voel hy dat hierdie nog maar die begin van die storm is. Dit sal nog veel wreder en magtiger word namate die dag vorder.

Maar hier waar hy nou orent staan, met sy bene ver uitmekaar geplant en met sy hand uitgestrek onder die wind in, dink Simon Verbeek nie meer aan die dood wat op hulle wag nie. Dink hy nie meer aan die oomblik

wanneer Die Nooi van Amsterdam stadig onder hulle sal wegsink nie.

“Kyk daar!” skreeu hy onder die wind in, swaai om na sy bemanning en swaai dan weer terug. “Sien julle wat ek sien?”

’n Oomblik gee Wilhelm Rieckert skiet hier aan die stuur en staar vooruit. Die ander manne hou op met roei en staar nou ook vooruit.

En net voordat hulle weer met die Nooi van Amsterdam afgly in die diep trog van die see, sien hulle die fladderende hoofseil bo die woeste kabbeling van waters. Hulle sien die trotse boegspriet ’n oomblik hoog bo ’n brander staan.

“’n Skip!” skreeu Simon Verbeeck. “’n Verlore skip!”

Met skielike nuwe krag, dryf die Nooi van Amsterdam uit die trog teen die gladde helling van die volgende brander op en toe hulle die top bereik, sien hulle net die swaaiende kraaines van die vreemde skip wat ’n ent voor hulle self in ’n diep trog verdwyn het.

“Roei!” skreeu Simon Verbeeck. “Roei so al wat julle kan!” In sy oë is ’n nuwe glans en in sy hart ’n nuwe drang.

Want hier waar hy staan in die voorstewe van die lang skuit, weet hy dat daardie vreemde vaartuig rigtingloos en reddeloos deur die suid-westewind op die Kaapse kus aangeslinger word. ’n Vreemde beklemming gaan deur sy hart en hy rek sy nek om beter oor die branders te kan sien. Stadig maar seker gly die Nooi van Amsterdam in die rigting van die vreemde vaartuig...

Hoofstuk 2

'N GEHEIM VAN DIE SEE

Swaar en laag in die water soos 'n stomp hout wat deurweek is, ploeg die Nooi van Amsterdam deur die woedende see. Met elke botsing teen 'n brander word dit voller, raak die boord minder en skep die twee bemanningslede in krampagtiger haas water uit. Die lang skuit het skaars nog 'n paar duim boord oor.

Die koue, windgedrewe water spoel om die bene van die manne wat so moedig roei en spoel om die bene van Wilhelm Rieckert wat dapper die stuur sekuur vashou. Dit spoel om die bene van Simon Verbeeck wat in die voorstewe nog steeds regop staan, skoon verlore in konsentrasie op die vreemde vaartuig wat hy so pas aanskou het. Hy is so verlore dat hy feitlik vergeet het van die lot van die lang skuit en sy bemanning.

Die onbekende skip is 'n toonbeeld van verweerde skoonheid. Sy boegspriet is skerp en hoog. Sy flanke is netjies en slank. Die hoofmas is hoog, stewig en trots, maar sy seile is 'n gebreekte verwarring. Dit fladder en flap in die hewige wind. Sy dwarsmaste is nog heel, maar dit is duidelik dat hy stuurloos is want hy bokspring soos 'n woedende perd in die water. Dan sny sy neus reguit in die rigting van die lang skuit, dan kantel hy weer dwars. Die see gryp hom vas, slinger hom sywaarts, dan weer vorentoe en dreig om hom om te keer sodat die top van die hoofmas af en toe so vat-vat aan die hoogste maanhare van die branders. Ja, dit is 'n swaan daardie, maar 'n verblinde, gewonde swaan, dink

Simon Verbeeck onderwyl hy die vaartuig angsvol en met 'n vreemde beklemming dophou.

“Roei, julle leernekke,” roep hy elke keer laggend op sy bemanning wat op die rand van totale uitputting verkeer. Op die rand van daardie belangeloosheid wat die seevaarder beetpak wanneer hy besef dat die see sy graf gaan word. Die spiere bult op hul arms, maar die geweld van die see is vir hulle te veel. Daar is krampe in hul polse, in hul bene en hul skouers. Ritmies word die bolywe vooroor geslinger en dan agteroor getrek, maar dit voel asof die Nooi van Amsterdam op een plek bly stilstaan.

Maar deur die woesteny van blinkende, skuimende water, vorder hulle tog stadig al hoe nader aan die groot vaartuig.

“Roei, manne, roei!” skreeu Simon weer. “Dit is ons enigste redding. Die lang skuit kan ons nie meer red nie. Roei so wat julle kan.”

Met daardie wanhopige kraginspanning wanneer die dood dreig en met daardie eienaardige afsydigheid wat skerp nuuskierigheid aan jou verleen, roei die manne met nuwe ywer. Nog net 'n paar branderberge skei hulle van die slingerende vaartuig. Hulle skiet weer in 'n trog af met 'n snelheid wat hulle laat voel dat hul mae na hulle kele spring. Toe klim die Nooi van Amsterdam weer anderkant uit, maar dit is 'n gebroke brander hierdie. Die groot vyand van die seeman. Sy kruin is nie heeltemal reguit en egalig nie. Dit het 'n kinkel in die middel. Die Nooi van Amsterdam tref die kruin van die

brander net mooi by die kinkel. Een deel van die brander rol in een rigting en die ander deel in 'n ander rigting. Die golf gryp die Nooi van Amsterdam asof sy 'n klein skulpie is, lig hom hoog op sy skuimende kruin en swaai hom met soveel geweld dwars, dat die hefboom van die stuur 'n wilde swaai maak en vir Wilhelm Rieckert ver oorboord slinger in die siedende see. Die Nooi van Amsterdam steek nog 'n maal sy neus moedig deur die waterval, maar toe sidder hy een maal, swaai dwars en met die geweld van 'n orkaan vat die watermassa hom en slinger hom onderstebo.

Deur die tornado van bruisende see en skreeuende wind hoor Simon Verbeeck die krete van sy manne wat in die see geslinger word. Hy self trek hoog deur die lug toe die neus van die Nooi van Amsterdam uit die water gelig word, sodat hy ook met 'n boog weggeslinger word in die kake van die see.

Soos klein dobbers worstel en woel hulle daar in die water en veg met hul laaste krag om hulp en lewe. Nog een maal sien hulle die glinsterende agterstewe van die Nooi van Amsterdam en toe is dit weg. Weg soos 'n groot haai wat 'n oomblik bo die water uitgeklim het en nou wegsink na die dieptes.

'n Paar oomblikke lank trap Simon Verbeeck die water en kyk om hom heen, om te sien wat van sy manne word. Hy sien hulle deur 'n hoë brander worstel en toe begin hy swem. Blindelings en met groot krag. Die spreekwoord lui dat die seeman nooit kan swem nie, maar dit geld nie in die geval van Simon Verbeeck nie.

Hy is in die water byna net so tuis soos op die dek van 'n skip. Hy gooi sy liggaam onder die wind in en swem ritmies en gemaklik teen die golwe op. Wanneer dit nodig is, ry hy 'n brander en wanneer dit nodig is, span hy al sy kragte in om oor 'n maanhaar te kom, in die rigting van die vreemde vaartuig. Die kom nog steeds soos 'n los perd deur die water aan.

Simon Verbeeck het omtrent 'n kwartier geswem toe die skip soos 'n swart monster sy neus agter 'n hoë brander uitsteek. Vir 'n oomblik verbeel die seeman hom dat die skerp voorstewe hom aan twee gaan kloof. Die vaartuig rys soos 'n berg uit die see en 'n oomblik hoor hy bo die gedruis van die see, die geloei van die wind deur die maste en deur die fladderende toue. Hy hoor die geflap en gefladder van stukkende seile en hy hoor die knarsing van hout wat aan die geweld van die water oorgelewer is.

Dan hoor hy weer die bruisende geluid soos die vaartuig deur die water kom.

Hy worstel effens op sy, gee die voorstewe kans om by hom verby te kom en toe slinger hy hom met al sy krag nader aan die slanke buik van die skip. 'n Oomblik staar hy angsvallig daarna, na die flank wat so hoog uit die water oprys, sonder dat hy enige hoop het om die dek te bereik.

Maar toe, met 'n vreugdekreet, sien hy die tou wat van die dek afhang en wat deur die water gesleep word. Simon gee sy sterk liggaam aan 'n brander wat hom nader slinger. Die watermassa, groot en blink soos die

rug van 'n walvis, rol hom mee langs die stuurboordkant af. Hy sien die tou swart en stewig voor hom, gryp dit met sy sterk hande vas en hou so al wat hy kan. Dit voel vir hom asof die branders hom te pletter slaan teen die knarsende hout en dit voel vir hom asof al die lug uit sy longe gepers word. Asof sy liggaam op 'n duisend plekke gebreek word en hy meegesleur word in die groen dieptes, waaruit hy nooit weer kan opstyg nie.

Hierdie byna onuitstaanbare foltering duur 'n paar oomblikke en toe kom hy snakkend op die oppervlakte uit met die tou nog steeds stewig in sy hande. Daar is bloed in sy oë en sy kneukels is velaf. Dit voel asof al sy ribbes gebreek is, maar goddank, hy kan nog asemhaal. Hy sien 'n nuwe brander uit die diepte opstoot, groei en swel. Hy sien dit aanrol op die skip en toe begin hy soos 'n waansinnige met die tou opklouter voor dit hom tref.

Gelukkig is die tou iewers stewig vas sodat dit nie meegee nie. En toe Simon Verbeeck 'n paar meter geklim het, kom slaan 'n nuwe brander teen die vaartuig vas en stoot dit weg. Dit is asof die groot skip uit die water opgetel en verder neergesit word. Soos 'n mier hang Simon Verbeeck hier langs die kant. Hy klim nog steeds met die tou op, sy voete trappend teen die klam, gladde kant van die skip.

Eindelik, na wat vir hom soos 'n ewigheid lyk, swaai hy hoesend en proesend, op die randjie van totale uitputting, oor op die dek en bly daar lê, sy hande en voete ver uitgestrek. Die dek onder hom spring en kantel en dit voel vir hom asof dit onder hom verdwyn en dan weer